



Resensie / Review

Van der Merwe, Chris N. & Viljoen, Hein. 1998. *Alkant olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap.* Pretoria : Van Schaik, Akademies. 303 p. ISBN 062702338X.

In *Alkant olifant* is alles te vind wat studente nog altyd oor die literatuurteorie wou weet maar te lui was om op te soek of wat hulle nie geweet het waar om te kry nie.

Om 'n gepaste teoretiese teks te vind om voor te skryf, is vir letterkundedosente 'n groot probleem. Studente kan oor die algemeen nie 'n hele arsenaal teoretiese boeke bekostig nie en boonop is die meeste teoretiese werke nie juis toeganklik vir die voorgraadse student nie. Hierdie “inleiding tot die literatuurwetenskap” is die ideale voorskryfboek om daardie leemte te vul. Dit is egter nie slegs studente en dosente wat by *Alkant olifant* sal baat vind nie. Die boek is baie toeganklik geskryf en sal ook deur die (steeds meer gesofistikeerde) lede van talle leeskringe verwelkom word.

In sy opstel, “The future of theory in the teaching of literature”, sê Gerald Graff¹ dat dit belangrik is dat die dispute wat binne 'n studieterrein heers, juis die fokus van onderrig moet word: “An institutional identity-crisis does not have to be cured in order to be made educationally and culturally productive. It does, however, have to be staged, and theory is the language for staging the one we are going through at the moment” (Graff, 1989:267). Van der Merwe en Viljoen slaag daarin om twispunte binne die literatuurstudie uit te lig en in 'n onderrig-geleentheid te omskep.

1 Graff, Gerald. 1989. The future of theory in the teaching of literature. In: Cohen, R. (ed) *The future of literary theory*: Routledge : New York. p. 250-267.

Die boek eindig met die woorde: “Wat is literatuur?” en gee as antwoord ’n verdere vraag: “Wie weet?” (233). Dit was ook die uitgangspunt van die boek – reeds vergestalt in die titel, dat ses blindes, wat elk slegs ’n deeltjie van ’n olifant kan bevoel, ses verskillende idees sal hê oor wat ’n olifant is. Al ses blindes kan ook korrek wees – al is dit net ten dele. En nie een sal kan sê dat sy/haar idee volledig olifant is nie – die ding is alkant olifant. In *Alkant olifant* word die literatuur van verskillende kante ondersoek (soos blindes die olifant betas), met ’n gepaste weiering om ’n enkele visie op die leser af te dwing.

Die skrywers skram nie weg van die kompleksiteit van die begrip literatuur nie. Die probleme met die definiering van literatuur en die nut van literatuur(teorie) word verduidelik. Die inleidende hoofstukke is nie altyd ewe leesbaar nie. Die mark waarop dit gerig is, is duidelik studente. Die skrywers probeer dus om by die leefwêreld van die student aan te sluit en verduidelik baie begrippe uitstekend op hierdie manier. Ander gedeeltes is eger weer skielik baie ingewikkelder en teoreties, sonder hierdie doelbewuste poging om dit in terme van die studente se wêreld te bespreek.

In die derde hoofstuk, “Soorte literatuur”, word nie alleen die tradisionele onderskeid tussen genres uiteengesit nie, maar ook die probleme daarmee word verduidelik. Eenvoudige oplossings en indelings word nie dogmaties weergegee nie. Die klem val eerder op verskillende moontlikhede wat genre-indelings bied. Ruimte word ook gelaat vir begripsverruiming waar die Afrikaanse literatuur (met Westerse indelings en norme) en Afrikaliteratuur ontmoet (71).

Daar is al talle boeke geskryf oor die literatuurteorie van die twintigste eeu. Min van hierdie werke slaag eger daarin om so ’n samehangende oorsig te gee as wat in hoofstukke 4 en 5 gegee word. Een gevaar met die skryf van ’n oorsig oor teoretiese benaderings tot die literatuur is dat die indruk geskep kan word dat die verskillende benaderings nie met mekaar verband hou nie. In *Alkant olifant* word die verband tussen verskillende benaderings duidelik uitgespel – asook hoe die een benadering se tekortkominge juis tot ander benaderings aanleiding gee.

’n Ander probleem met ’n boek van dié aard is dat dit só teoreties kan raak dat dit moeilik is om te begryp. Ook hierdie probleem is omseil, nie alleen deur die helder uiteensettings van die verskillende teorieë nie, maar veral die toepassings daarvan op *dieselfde* kortverhaal (Jan Rabie se “Droogte”) maak hierdie hoofstukke maklik verstaanbaar. “Droogte” word die “olifant” wat deur die (“blinde”) teoretici vanuit verskillende kante “bevoel” word. Sodoende word die sentrale argument van die boek gedemonstreer, naamlik dat die literatuur, van verskillende kante af beskou, totaal verskillend kan lyk.

Ook die werksopdragte (gegrond op ander kortverhale wat ook in die boek opgeneem is) is sinvol en stimulerend. Al sou ’n mens natuurlik hier en daar kon

verskil van die outeurs se opsommings van 'n sekere benadering, is daar aan die einde van elke hoofstuk 'n uitgebreide bibliografie vir verdere leeswerk. Hierdie bibliografie maak van *Alkant olifant* 'n inleiding wat selfs op gevorderde vlak baie nuttig gebruik kan word.

Die beskrywings van die verskillende teorieë is bondig, dog sonder ooreenvoudigings. Hier en daar word 'n uiteensetting effens kripties – amper net die noem van name (soos bv. in die geval van Marxistiese benaderings), maar die verdere leeswerk kan daarvoor vergoed.

Die laaste twee hoofstukke is gemoeid met literêre kritiek. Waardeoordele word hier onder die vergrootglas geplaas. As uitgangspunt stel die outeur van hierdie hoofstuk dat hy nie poog om finale antwoorde te gee nie: “Ook hier probeer ek nie finale antwoorde verskaf nie, maar ek wil eerder 'n paar beginsels probeer ontdek” (210). Sy doelstelling is dat die leser ná bestudering van hierdie laaste twee hoofstukke “'n beredeneerde eie mening oor hierdie kwessies” sal kan gee. Ek dink dat *Alkant olifant* in geheel uitmuntend in hierdie doelstelling slaag.

Dit is 'n omvattende gids wat besonder gebruikersvriendelik aangebied is. Dit is die ideale voorskryfboek vir 'n inleidende kursus in die literatuurteorie en bykans onontbeerlik vir literatuuronderrig.

Willem Burger
Randse Afrikaanse Universiteit